# Suiderstrand-Vereniging

Notule van Algemene Jaarvergadering van 17 Desember 2025
by Vleilaan 11, Suiderstrand

1. **Verwelkoming**

   Die voorsitter het die teenwoordiges verwelkom.
   Verskoning: Klaas en Linda Steyn

2. **Bevestiging van kworum**

   Benewens die 23 lede wat teenwoordig was, was daar ook 21 volmagte vir ’n totaal van 44 — d.w.s 38% van lede. Die grondwet vereis ’n kworum van 15%, en daar is dus hieraan voldoen.

3. **Notule van jaarvergadering van 18 Desember 2024**

   Eenparig aanvaar.

4. **Erkenning van bydraes**

   Drie kunsstukke wat goedgunstiglik deur Ann Pretorius gemaak en aan die vereniging geskenk is, is onderskeidelik aan Gerrit Posthumus, Geoff Nichols en Schalk van der Merwe oorhandig as ’n blyk van die vereniging se waardering vir die groot werk wat hulle al vir die vereniging verrig het.

5. **Voorsittersverslag**

   Die voorsittersverslag is voor die datum van die vergadering via *Praat Saam* en WhatsApp aan lede gestuur, en gedrukte eksemplare is by die vergadering aan die teenwoordiges uitgedeel. Die voorsitter het dus nie die hele verslag voorgelees nie, maar dit kortliks saamgevat.[1]

   Die voorstitter het onder andere vir KAM geprys nadat hulle, in reaksie op ’n versoek van Matilda op Donderdag 11 Desember om erg slegte plekke in Rasperlaan reg te maak, dit die volgende dag, die laaste van hulle werkjaar, reggemaak het. Baie dankie aan Deon Wasserman en sy mense.

6. **Finansiële jaarstate**

   Jacqueline Viljoen, met bystand van Louis Lourens, het die jaarstate voorberei en dit is aan die vergadering voorgelê. Daar was geen vrae daaroor nie, en dit is goedgekeur.

7. **Brandbeskermingsverslag**

   Gerrit Posthumus het in die algemeen verslag gedoen oor die bedrywighede van die brandspan.

8. **Grondwetwysiging**

   Die voorgestelde wysiging is eenparig aanvaar.

---

1 Die verslag, die agenda vir die vergadering, die fanansiële jaarstate en die voorgestelde wysiging aan die grondwet is almal beskikbaar op die webblad: suiderstrand.co.za | association | PDF documents | AGM | 2025 SCCFPA AJV dokumente.pdf.

## 9. Verkiesing van ampsdraers

Die volgende ampsdraers is almal eenparig verkies:

- Voorsitter: Joe Sinovich
- Ondervoorsitter: Matilda Bester
- Tesourier: Jacqueline Viljoen
- Sekretaris: Heidi Sinowich
- Brandbeskermingsbeampte: Die brandspan sal in Januarie vergader en ’n nuwe voorsitter vir hulle span kies, en dié sal dan as brandbeskermingsbeampte op die komitee dien.
- Addisioneel: Tania Botes, Niel Prinsloo, Willem Nel

Matilda Bester en Willem Nel is reeds verlede jaar verkies, en hulle termyn strek oor twee jaar.

## 10. Ouditeur

Louis Lourens het ingestem om voort te gaan as ouditeur en dit is met waardering eenparig aanvaar.

## 11. Projekte voorgestel vir die nuwe jaar

Die projekte is in die voorsittersverslage genoem. Verdere voorstelle is gemaak soos hieronder onder “Ander sake” genoem.

## 12. Ander sake

Marius Janse van Rensburg het voorgestel dat die vereniging Vodacom nader om die selfoonontvangs in Suiderstrand te verbeter, en Dirk Stofberg het gevra dat die vereniging voortdurend vir KAM bewus hou van die onderhoud en verbetering van die L’Agulhas–Suiderstrand pad.

## 13. Afsluiting

Die voorsitter het die vergadering afgesluit, en die teenwoordigers bedank vir hulle bywoning en samewerking.